Stille waters

(in herinnering aan Petrus Nhlapo)

Hierdie is 'n kort storie van 'n perdeman wat nooit enige glorie ontvang het nie, 'n wyse man wat nie kon lees of skryf nie en 'n beeste-man wat nooit sy eie trop gehad het nie.

In jou stowwerige oë is verhale van baie jare en jou ou gesig is die padkaart wat jy elke dag ry. Jou lewe lyk eenvoudig, maar daar is 'n sisteem, want jou geluk loop saam met die diere in die veld. Die somerreën bring vir jou hoop en moed vir 'n nuwe jaar, die groen gras 'n kombers wat alles wat jy lief het bewaar. Die nuwe lammers en kalwers is die Here se belofte aan jou, dat die wêreld voor jou bestaan het en lank na jou nog daar gaan wees.

Wat ek by jou kon leer sal my lewe lank by my bly, want daar was krag in jou stilte en wysheid in jou dade. Jou sagte woorde het soos 'n donderstorm gekom, want al die nuwe wagters het geweet jou woord is wet. Die klap van jou sweep dra geen aggressie en jaag nie vrees op nie, want elke klap was met rigting en wysheid geslaan.

Maar jou hoed is nou opgehang, jou perd finaal afgesaal en ek hoor nie meer die klap van jou sweep wat eggo oor die plaas se vlaktes nie. Dis net nou en dan wanneer jou perd teen die kop op staar; dat ek seker is sy sien jou daar.